

# 16

## PAULUS SE BEKERING

### Ek is 'n getuie vir die Here

#### FASELES

#### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer die Here leef in mense wat tot bekering gekom het.

#### SPESIFIEKE DOELSTELLING

##### Kennis

Die kinders moet weet –

- dat hulle hulle gereeld tot die Here moet bekeer.
- wat bekering is.

##### Gesindheid

Die kinders moet vrymoedigheid hê om van God se goedheid te vertel.

##### Vaardigheid

Die kinders moet van geleenthede kan vertel toe mense na die Here teruggedraai het.

#### MEER INLIGTING (Handelinge 9: 1-20)

Naas Jesus het niemand so baie vir die groei van die Christelike kerk beteken as Paulus nie. Selfs voor sy bekering het sy lewe die kerk geraak. Die oorgawe waarmee hy die Christene vervolg het, het daartoe bygedra dat die apostels die opdrag van die Here gehoorsaam het en dat die evangelie vinnig versprei het.

Paulus se persoonlike ontmoeting met Jesus het sy hele lewe verander. Op pad na Damaskus het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op sy knieë neergeval en 'n stem hoor sê: *Saul, Saul, waarom vervolg jy My?* Paulus was baie verward en wou weet wie dit is wat met hom praat. Jesus sê: *Dit is vir My wat jy vervolg.* Dit was sy persoonlike ontmoeting met Jesus. Dit het sy lewe verander. Toe die Here hom na Damaskus stuur, gehoorsaam hy

dadelik. Hy was blind van die helder lig wat oor hom gestraal het. Die mense saam met hom het hom aan die hand gevat en hom na Damaskus gelei. Daar het hy Ananias ontmoet wat hom die hande opgelê het. Daar het iets soos skille van Paulus se oë afgeval en hy kon weer sien. Hy is met die Heilige Gees vervul. Hy het 'n paar dae in Damaskus gebly en dadelik begin om in die sinagoges te verkondig dat Jesus die Seun van God is. Die mense was baie verbaas dat die Here Paulus se lewe so nuut gemaak het. Sy bekeringsgeskiedenis vertel vir ons dat die Here werklik leef.

Ons beleef ook soms dat ons die Here teleurstel of mense om ons seermaak. As die Heilige Gees ons dan deur die Woord laat besef dat ons verkeerd opgetree het, voel ons gewoonlik jammer oor wat ons gedoen het. Dit is asof daar ook *skille van ons oë afval* en ons leer wat die regte ding is om te doen. Ons noem dit bekering. Wanneer die Heilige Gees jou lewe op so 'n manier nuut maak, volg daar gewoonlik die een of ander roeping. 'n Mens wil uit dankbaarheid vir die Here se goedheid vir almal vertel wat die Here vir jou gedoen het, of jy wil op die een of ander manier iets doen waardeur jy die Here dien. So gebruik die Here ons om sy Naam groot te maak en ander mense na Hom toe te bring.

## **AANBIEDING**

### **KOM ONS BEGIN**

Julle kan met die orrelis reël dat alvier die grade by die orrel gaan open. Wys daarop dat hierdie lied ook, net soos die Bybel, 'n oproep is dat die hele wêreld die Here moet prys. Vra een van die kinders wat gewillig is om te open met gebed, of doen dit self. Na die opening gaan al die grade na een klas toe.

**Alternatief:** Open in die klas met die sing van Gesang 547: 1, of lees dit net aan die kinders voor. Wys daarop dat hierdie lied ook, net soos die Bybel, 'n oproep is dat die hele wêreld die Here moet prys.

*Alle volke, klap jul hande – juig tot eer van God.  
Verhef jul stem en roem sy Naam in elke stad op aarde!  
Sing en sing en sing dan saam; loof en prys sy grote Naam,  
want Hy is ewig Koning in die hemel en op aarde!  
Sing en sing en sing dan saam; loof en prys sy grote Naam,  
want die Hemelkoning skenk ons sy genade!*

Vra een van die kinders wat gewillig is om te open met gebed, of doen dit self.

### **HET HULLE ONTHOU?**

Indien die kategete iets uit verlede week se les met die fase wil deel of kontroleer, kan dit nou gedoen word.

### **VANDAG LEER ONS**

#### **Jy het nodig**

- 'n Fotostaat van die voetskets vir elke kind van graad 4 tot graad 7. (Die voet moet groter wees as die grootste voet in die klas.)

- Drie eenderse pakkies eetgoed vir die kinders wat die vasvra wen.
- 'n Fotostaat van die vraestel, vir elke twee kinders een. (Sien die einde van die les.)
- Twee van dieselfde syfers op 'n klein kartonnetjie – twee ene, twee twees, twee dries, ensovoorts – soveel kartonnetjies as wat daar kinders in die vier grade is.

## **BEGIN SO**

Verduidelik aan die kinders dat julle 'n kompetisie gaan hou en die twee kinders wat die meeste punte het, gaan lekker eetgoed kry. Hulle moet goed na die volgende luister en soveel moontlik onthou:

Wanneer die Here Jesus in jou lewe werk deur jou ouers wat jou van Hom leer of laat leer, of as jy op die een of ander besondere manier met Hom in aanraking kom, gaan lewe jy ook tot sy eer. Jesus word dan jou enigste Verlosser en Hy is die middelpunt van jou lewe om wie alles draai. Ons noem dit bekering. Dan word jy as't ware 'n dissipel van die Here wat Hom in alles wat jy doen, in aanmerking neem. Figuurlik gesproke gaan *loop jy in sy voetspore*.

## **IETS INTERESSANT**

Vertel die bekeringsverhaal van Paulus uit MEER INLIGTING hierbo of lees dit gevoelvol voor.

## **IETS BELANGRIK**

Beklemtoon die volgende uit Paulus se geskiedenis:

- Paulus was op pad Damaskus toe om Christene te vervolg.
- Die Here het Paulus tot bekering gebring.
- Dit het met 'n buitengewone, dramatiese verskynsel gepaardgegaan.
- Dit het op 'n spesifieke tydstip plaasgevind.
- Ons noem dit *Paulus se bekering*.
- Bekering is om van 'n verkeerde lewe tot 'n lewe vir die Here oor te gaan.
- Bekering kan plotseling, op 'n spesifieke oomblik en met 'n dramatiese gebeurtenis soos met Paulus plaasvind.
- Bekering kan ook soos met Timoteus (2 Timoteus 1: 5 en 3: 14-15) 'n lewenslange proses wees deur die Here toe te laat om jou lewenswyse te bepaal.
- Bekering gaan saam met die een of ander opdrag.
- Paulus moes vir ander mense van die Here gaan vertel.

## **IETS OM TE DOEN**

- **Kompetisie**
  - Hou 'n kompetisie met die vraestel (sien die einde van die les). Voeg nog vrae by indien jy so verkies.
  - Deel die kinders twee-twee in – gooi die nommerkaartjies in 'n houer en laat hulle 'n nommer trek. Dié met dieselfde nommers is in 'n span. As een kind oorbly, laat hy of sy self kies in wie se span om te wees.
  - Deel vir elke span 'n vraestel uit en laat hulle gelyk begin.
  - Gee hulle vyf minute om die antwoorde in te vul.
  - Neem die vraestelle in en laat die ander kategete dit merk.
  - Laat een kategete met die voetprojek aangaan.
  - Die twee (of drie) kinders wat die meeste antwoorde reg het, kry 'n pakkie eetgoed.

- **Voetprojek**

- Gee vir elke kind 'n afdruk van die voetskets.
- Hulle plaas dan hul eie voet bo-op die voetskets en trek die buitelyne met 'n kryt af.
- Elke kind skryf dan sy of haar naam binne-in die voet om die sin te voltooi: ...*volg vir Jesus*.
- Die kinders knip dan die groot voet op die buitelyne van die groot getekende voet uit. Die katkisant se voet sal dus binne-in die groter voet wees.
- Neem die voete in en bring dit volgende Sondag weer saam.
- Laat alhier die grade se kategete hulle volgende Sondag omtrent 'n halfuur voor die erediens voor die kerk ontmoet.
- Laat elkeen sy of haar uitgeknipte voet met Prestik in die paadjie na die kerk toe plak.
- Laat die dominee in sy afkondigings die gemeente se aandag op die voete vestig en die betekenis verduidelik.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

- Laat die kinders tuis vir 'n paar mense (oupa, ouma, oom, tannie, pa, ma, ensovoorts) gaan vra of –
  - hulle 'n spesifieke dag waarop en/of gebeurtenis waartydens hulle tot bekering gekom het, kan noem.
  - bekering by hulle 'n lewenslange proses is waarin hulle die Here van kleintyd af dien.
- Laat hulle die antwoorde by Les 17 by EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU neerskryf.
- Laat die graad 4-kindere kameras met die behandeling van Les 17 saambring klas toe om foto's te kom neem.
- Herinner hulle om aan te hou gesiggies teken by Les 11 vir elke opoffering wat hulle gemaak het.
- Reël dat hulle volgende week items vir behoeftige mense saambring.

### **Leer**

Laat hulle Handeling 9: 19b en 20 gaan memoriseer: *Saulus het 'n paar dae daar by die gelowiges in Damaskus gebly en dadelik in die sinagoges begin verkondig dat Jesus die Seun van God is.*

## **AFSLUITING**

Sluit af met gebed.

### **Belangrik:**

Doen die volgende betyds wanneer Les 17 beplan word:

- Reël in samewerking met die predikant en die kategesehoof dat al die kinders in die gemeente 'n item soos niebederfbare kos, klere, skoene, speelgoed, toiletware, ensovoorts, van die huis af saambring.
- Vra die voorsitter van die diakonale vergadering of iemand wat die diakonale versorging in die gemeente doen, om te reël dat iemand van die ouetehuis, diakonale pleegsorghuis, sokkombuis of die gemeente se eie diakonale spens die items wat gebring word tydens die behandeling van die les in die klas kom afhaal.

## VRAESTEL (met antwoorde)

Vul die regte woorde in, of merk waar of vals:

- Paulus was op pad ... (*Jerusalem/Damaskus/Derby/*) toe om Christene te vervolg.
- Paulus het homself bekeer toe hy gedink het dit is verkeerd om die Christene te vervolg.  
(*Waar/vals*) (**Vals – die Here het Paulus tot bekering gebring.**)
- Paulus se bekering het tydens ... (**'n buitengewone verskynsel/**'n *gesprek met Petrus/*'n *katkisasieles*) plaasgevind.
- Dit het ... (*met die loop van jare/op* **'n spesifieke tydstip/***tydens geboorte*) plaasgevind.
- Ons noem dit *Paulus se* ... (**bekering/***doop/aanneming*).
- Bekering is om van 'n verkeerde lewe tot 'n lewe vir ... (*jou medemens/die kerk/***die Here**) oor te gaan.
- Bekering kan plotseling, op 'n spesifieke oomblik en met 'n dramatiese gebeurtenis soos met ... (*Timoteus/Paulus/Moses*) plaasvind.
- Bekering kan ook soos met (**Timoteus/Paulus/Kornelius**) 'n lewenslange proses wees deur die Here toe te laat om jou lewenswyse te bepaal.
- Bekering gaan saam met die een of ander ... (*geskenk/toertjie/***opdrag**).
- Paulus moes vir ander mense van ... (*sy eie besluit/voorbeeldige lewe/***die Here**) gaan vertel.

## VRAESTEL

Onderstreep die regte woorde:

- Paulus was op pad (*Jerusalem/Damaskus/Derby/*) toe om Christene te vervolg.
- Paulus het homself bekeer toe hy gedink het dit is verkeerd om die Christene te vervolg.  
(*Waar/vals*)
- Paulus se bekering het tydens (*'n buitengewone verskynsel/'n gesprek met Petrus/'n kerkisasieles*) plaasgevind.
- Dit het (*met die loop van jare/op 'n spesifieke tydstip/tydens geboorte*) plaasgevind.
- Ons noem dit *Paulus se (bekering/doop/aanneming)*.
- Bekering is om van 'n verkeerde lewe tot 'n lewe vir (*jou medemens/die kerk/die Here*) oor te gaan.
- Bekering kan plotseling, op 'n spesifieke oomblik en met 'n dramatiese gebeurtenis soos met (*Timoteus/Paulus/Moses*) plaasvind.
- Bekering kan ook soos met (*Timoteus/Paulus/Kornelius*) 'n lewenslange proses wees deur die Here toe te laat om jou lewenswyse te bepaal.
- Bekering gaan saam met die een of ander (*geskenk/toertjie/opdrag*).
- Paulus moes vir ander mense van (*sy eie besluit/voorbeeldige lewe/die Here*) gaan vertel.

